Maar God

Beste Bidders

Ons is weer by die einde en die begin: einde van een jaar en die begin van die Nuwejaar. ‘n Deel van ons lewens bestaan uit siklusse en daardie siklusse gee stabiliteit. Ons praat van dinge soos somer en winter, dag en nag, dae van werk en naweke wanneer ons kan rus, die begin van ‘n jaar en die einde van die jaar. Daar is egter 'n deel van ons lewens wat na ‘n eindpunt beweeg. Vir ons as Christene is dit na daardie plek waar daar nie meer dood of pyn of trane sal wees nie. Vir ons is die eindpunt die hemel waar ons vir ewig saam met God ons Vader, die Here Jesus Christus en die Heilige Gees sal wees.

Hierdie tyd van die jaar droog ons egter ook nou reeds mekaar se trane af, herinner ons onsself aan hulle wat reeds vir ewig by God ons Vader is. Ons dink ook weer aan Hom wat gekom het sodat ons met God versoen kan word en dat ons Hom eendag van aangesig tot aangesig sal sien. Wat 'n dag! Daardie dag sal ons egter nog iets anders ook sien: ons sal die mense sien wie se lewens deur ons gebede aangeraak en verander is en ook hulle wat daardeur tot bekering gekom het.

Baie jare gelede het 'n sendeling Indië toe vertrek. 'n Vriend van hom, vir wie dit nie moontlik was om ook te kon gaan nie, het met hom 'n ooreenkoms gemaak: *"Jy gaan Indië toe en werk op die sendingveld en ek onderneem om elke dag vir jou te bid. Wanneer ons in die hemel kom, deel ons gelykop!"* Dit is nogal 'n goeie beeld om die werk van voorbidders te beskryf. Dit is soos die twee vlerke van 'n voël: die een kan nie sonder die ander nie.

Jou werk as bidder is nie verniet nie. Elke gebed word deur God gehoor. Dit is wat God self sê. Hieroor is geen twyfel nie. Selfs al twyfel jy of God gehoor het, het Hy jou in elk geval gehoor. Jou twyfel bepaal nie of God jou gehoor het of nie. In **Ps.116:1-2** staan daar: *Ek het die Here lief, want Hy antwoord my smeekgebed. Omdat Hy na my geluister het, sal ek Hom aanroep solank ek lewe.* Dit beteken dat God jou elke keer gehoor het toe jy hierdie jaar honderde gebede voor Sy genadetroon gebring het. Hy het gehoor en verhoor. Nie altyd soos wat ons dit sou verkies nie en ook nie op die tyd wat ons sou verkies nie, maar Hy het gehoor *én* geantwoord.

Die saamstel van die verhale oor wat God oor die afgelope 12 maande gedoen het (sommige van hierdie verhale word genoem in die Desember gebedspunte) het my geweldig bemoedig. God is 'n hoorder van gebed.

Laat ons hierdie jaar afsluit met die bemoediging van dit wat Hy gedoen het en met die vaste wete dat Hy reeds wag om ons gebede in 2011 aan te hoor en te verhoor. Laat ons nie soos die Israeliete van ouds vergeet van sy weldade aan ons nie, maar laat ons dit gedurig in herinnering roep en ons kinders ook daaraan herinner.

Mag die Kerstyd vir ons almal 'n tyd van rus wees, van die herstel van gesins- en familieverhoudinge en ook 'n nuwe ontmoeting met God ons Vader, die Here Jesus Christus en die Heilige Gees.

Ef.3:20
Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Wat, waar en wanneer: Internasionaal
27 November - 10 Desember 2010: Swazi 1000
Die afgelope twee jaar het 570 jongmense van verskillende universiteite, denominasies en kulturele agtergronde saamgewerk met een gemeenskaplike doel voor oë: om vir twee weke gedurende hulle somervakansie die liefde van God op ‘n praktiese wyse aan mense in Bulembu, ‘n gemeenskap in Swaziland te demonstreer. Bulembu is ‘n vergete myndorp. Gedurende Desember 2008 het 350 vrywilligers 12 gemeenskapsgeboue gaan uitverf, 2 weeshuise uitgeverf en oorgedoen, ‘n 1,6 km heining gespan en 420 huise geverf. Die jongmense word in hierdie periode ook toegerus om wanneer hulle na hulle gemeenskappe terugkeer, in radikale toewyding aan God te lewe. In 2009, het nog 220 vrywilligers op ‘n soortgelyke uitreik gegaan. Webwerf: http://www.mote.co.za/future.php of e-pos: info@mote.co.za. **MOTE, *Swazi 1000*,** Postnet 423, Privaatsak X15, Menlo Park, Pretoria, 0102. Tel.: 012 348 8694, faks: 086 516 9362.

Het U geweet?
Padlangs met *HIGHWAY MINISTRY*
Highway Ministry is in 1995 gestig en fokus op alle padgebruikers, met die doel om die Woord van God en die liefde van Christus aan hulle bekend te maak, sodat elkeen wat direk of indirek by die vervoerwese betrokke is, dit sal ken. Die motivering vir hierdie bediening is gebaseer op **Lukas 14:23** *'Gaan uit na die paaie en lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat My huis vol kan word.*'

Bid asseblief vir die volgende sake van nou tot einde Desember 2010:

- Vir die nuwe CD met die tema 'Vergifnis en Oorwinning'.
- Die bestaande en nuwe Gebedspatrollies landwyd
- Die Uniformdag op 15 September 2010 waartydens alle beamptes in uniform bedank word vir hulle bydrae tot veiliger paaie.

Vir meer inligting oor die verskillende aksies, kontak hulle by tel.: 016 349 1996, webwerf: www.highwaymin.co.za of e-pos: highwaymin@lantic.net of faks: 086 502 8441

Wat is aanlyn

Webwerf: http://www.freeBiblecommentary.org
Hier is 'n gratis vers vir vers aanlyn Bybelstudie biblioteek in 24 tale. Op die webwerf is daar 'n video, klank en geskrewe kommentare sowel as 'n seminaar oor hoe om die Bybel te interpreteer. Hulle is gewillig om 'n gratis CD en DVD na enige plek in die wêreld te pos vir enige persoon wat daarvoor vra.

Webwerf: www.twrAfrika.org/0246.asp
Ongeveer 25.6% (1.7 miljard) van die wêreldbevolking het toegang tot die Internet d.m.v. 1.6 miljard rekenaars en apparate, waarvan 450 miljoen selfone en soortgelyke toerusting is. Teen 2013 kan daar soveel as 2,7 miljard rekenaars, selfone, ens. wees waarmee mense toegang tot die Internet kan kry. Hierdie statistiek gee vir ons 'n aanduiding van die geleenthede wat bestaan om mense met die evangelie d.m.v. die Internet te bereik. Dit beteken dat mense baie maklik d.m.v. videos, klankopnames, geskrewe dokumente en boeke toegang tot die evangelie kan kry, asook opleidingsmateriaal kan bekom. *Linguablast*™ skakel videos, klankopnames en geskrewe dokumente om in rekenaarprogramme en rekenaartaal, met die potensiaal is om dit in 200+ tale op die web beskikbaar te maak.

Webwerf: http://Biblepro.Bibleocean.com/App/
Hierdie webwerf maak 'n verskeidenheid Bybelvertalings, konkordansies en Bybelkommentare aanlyn beskikbaar. Jy kan hierdie Bybel-sagteware direk op jou rekenaar aflaai.

Webwerf: http://www.indigitech.net
Hierdie webwerf gee inligting oor hoe om 'n meer effektiewe getuie te wees en verskaf ook inligting vir kruiskulturele evangelisering in verskillende tale. Die webwerf het skakels na meer as 10 000 bronne en artikels om jou te help om die evangelie effektief te kommunikeer.

Aanhalings

The true spirit of prayer is no other than God's own Spirit dwelling in the hearts of the saints. And as this spirit comes from God, so doth it naturally tend to God in holy breathings and pantings. It naturally leads to God, to converse with Him by prayer. - Jonathan Edwards

Ah, prayer turns trembling saints into great victors! There is no such thing as surrender, or even discouragement, to a man who dwells in the secret place of the Most High and abides under the shadow of the Almighty. - Henry W. Frost

Die groot stryd in gebed op aarde lê in twee dinge: dwalende gedagtes en 'n gebrek aan intimiteit met God se karakter soos dit deur die Woord aan ons geopenbaar word. Nie een van hierdie probleme kan onmiddellik opgelos word nie, maar dit kan deur dissipline oorwin word. - Oswald Chambers

"...True prayer is measured by weight, not by length. A single groan before God may have more fullness of prayer in it than a fine oration of great length." - C. H. Spurgeon

Hoe meer hulpeloos jy is, hoe meer geskik is jy vir gebed en tot daardie mate sal jy meer antwoorde op jou gebede verkry. - O. Hallesby

Gebed is ‘n openlike erkenning dat ons niks sonder God kan doen nie. Gebed bring ons by die punt waar ons met nederigheid ons nood erken en dit verheerlik God as die een wat vanuit Sy oneindige rykdom ons kan help. - John Piper

Daar is niks wat ons meer kan help om iemand lief te hê as om vir hom te bid nie. - William Law

Die geskiedenis swyg oor herlewings wat nie deur gebed begin het nie. - Edwin Orr

Die een wat die kerk mobiliseer om te bid, is die een wat die grootste bydrae tot wêreldevangelisasie maak. - Andrew Murray

Gebed is selfdissipline. Elke poging om in te beweeg in die teenwoordigheid van God en die krag van God te beleef, versterk ons uithouvermoë en gee vir ons krag. Om te bid is om in genade te groei. Om in die teenwoordigheid van die Koning te wag, lei tot nuwe lojaliteit en toewyding in die lewens van getroue volgelinge. Christene se karakter groei en ontwikkel in die binnekamer. - Samuel M. Zwemer

Jy kan meer doen nadat jy gebid het, maar jy kan nooit meer doen as om te bid voordat jy nie gebid het nie. - A. J. Gordon

In gebed is dit beter om ‘n hart te hê wat sonder woorde bid, as om woorde te bid sonder dat dit uit jou hart kom. Gebed maak dat ons ophou om sonde te doen en sonde sal tot gevolg hê dat ons sal ophou om te bid. Om ‘n gees van gebed te hê is meer waardevol as om goud en silwer te besit. Bid dikwels, want gebed is die skild van die siel, ‘n offer aan God, en ‘n kastyding vir die Satan. - John Bunyan

Wanneer jy bid is dit nodig om eers stil te word en daarna God in Sy heerlikheid te aanbid. Dink aan wat Hy kan doen, hoe dit Hom behaag om die gebede van Sy verloste kinders te hoor. Dink aan die groot voorreg en jou verborgenheid in Christus en verwag groot dinge van God. - Andrew Murray

Daar is ‘n groot verskil tussen om jou gebede op te sê en om te bid. - John G. Lake

Daar is een ding wat ons meer as enige iets anders nodig het, iets waaroor ons in die laaste tyd nie dikwels praat nie: ons het ‘n magtige bewustheid van ons sonde nodig. - Leonard Ravenhill

We are living in an unprecedented day when evil is no longer evil. We have changed the terminology – iniquity is now infirmity; wickedness is now weakness; devilry is now deficiency. - Leonard Ravenhill

Ons gebrek aan gebed is die fondasie van ons mislukkings. - Leonard Ravenhill

Moenie bid om gemaklik te kan lewe nie. Bid om geestelik sterker te wees. Moenie bid vir werk wat nie groter as jou menslike krag is nie, maar bid vir God se krag wat genoeg is om jou werk te kan doen. - Phillips Brooks

24-7 Gebedswag fokus: Desember 2010 – Maart 2011

Hierdie gebedsfokusse is om bidders in 24/7 gebedskamers aan te moedig om in hierdie spesifieke maande op dieselfde sake te fokus. Die inligting wat gegee word is slegs riglyne wat koördineerders kan gebruik soos die Heilige Gees hulle lei. Oorweeg dit om hierdie **gebedspunte in gebedskamers beskikbaar te maak** sodat mense dit daar kan deurbid of ook in hulle eie stiltetyd kan gebruik. Gee hierdie inligting ook aan ander deur soos byvoorbeeld gebedsgroepe, individue en gemeentes. Meer inligting oor hierdie onderwerpe is beskikbaar op die webwerf www.jwipn.com. Teken gerus in op ons weeklikse *Global Prayer Alert*, wat ‘n verskeidenheid van gebedsonderwerpe insluit en met groot vrug in gebedskamers gebruik kan word. Stuur ‘n epos aan cape@jwipn.com om daarop in te teken.

Desember: Getuienisse van God se Handewerk; Gebedsfokus op mishandeling
Gedurende Desember fokus ons op geestelike deurbrake in ons land en ook internasionaal. Dikwels bid ons maar hoor nie altyd van dit wat God doen nie. Loof God vir Sy genade, bring eer aan die Heilige Gees vir Sy almagtige werking in die harte van mense en prys die Here Jesus vir Sy Naam waardeur ons tot die Vader mag nader.

Geweld teenoor gesinslede en familielede is 'n tragiese realiteit en is jaarliks besig om toe te neem. Desember behoort 'n besondere gesinstyd te wees, maar is vir baie gesinne net 'n tyd van hartseer, dronkenskap en geweld. Frustrasie en woede by mans oor die jaar se mislukkings en moeilike werksomstandighede kan veral tydens die feestyd lei tot geweld teenoor vrouens en kinders, asook die misbruik van vrouens en kinders. Dit word gevolg deur skuldgevoelens wat weer tot geweld lei. Mag ons in hierdie maand tot God roep vir gesinne wat in hierdie situasies verkeer.

Januarie: Kinders en jeug
In Januarie val die fokus op die kinders en jeug van ons land. Dit is nie nodig om veel te sê oor die nood, frustrasie, blootstelling aan baie geweld en versoekings wat ons jongmense beïnvloed nie. Laat die Heilige Gees toe om vir jou God se hart vir ons jongmense te wys. Mag God ons help om nie met veroordeling en beterweterigheid in ons harte te bid nie, maar met gebrokenheid oor ons eie bydrae tot hierdie moeilike situasies waarin ons kinders verkeer. Vra God om vir jou deur die werking van die Heilige Gees diep medelye (*compassion*) vir ons kinders en jongmense te gee. Dink terug aan die pyn, vernedering en verwerping wat jy ook waarskynlik iewers in jou kinderjare beleef het.

Februarie: Boeddhisme
Daar is tussen 350-400 miljoen Boeddhiste wêreldwyd. Hulle leef oënskynlik mooi lewens, maar volgens God se waarheid is hulle verlore en min mense weet van die geweldige sterk demoniese aktiwiteit binne Boeddhisme. Boeddhisme het 'n buitengewoon groot invloed op die wêreld - in Asië, sowel as die Weste. Hulle leef volgens die wêreldse beginsel om d.m.v. werk in die "hemel" te kom, maar is totaal verblind vir die waarheid dat Christus Jesus gekom het om hulle van sonde te verlos.

Maart/April 2011 – Wêreldevangelisasie
Gedurende Maart en April wil ons deur al 220 lande in die wêreld bid. Daar is in die meeste lande miljoene en in sommige lande honderde miljoene (bv. in die VSA, China en Indië) wat sonder Jesus Christus leef. Te dikwels is ons so gefokus op ons eie behoeftes en die nood in ons eie land (en dit is baie belangrik om daarvoor te bid), maar dan vergeet ons van die honderde miljoene mense wêreldwyd wat nog nie eers een keer die evangelie gehoor het nie.

25 November – 10 Desember: Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld
Om effektief oor geweld teen gesinslede en familielede te bid is dit nodig om te verstaan wat dit alles behels. Emosionele geweld, ens. is gewoonlik die gevolg van verskeie ander vorme van misbruik van en geweld teen vroue en kinders: fisies, rasioneel, verbaal, seksueel en ook geestelike manipulasie en geweld. Te dikwels word die emosionele effek van geweld en misbruik van mense nie genoegsaam verstaan nie. Dikwels word mense wat diep vernedering, pyn en geweld beleef het, se gedrag en keuses deur hulle situasie en verlede bepaal. Emosionele misbruik en geweld raak die kern van ons menswees. Dit maak dat mense hulle selfvertroue verloor en ook hulle sin vir selfwaarde. (**Spr.17:22**). Laat ons deur gebed saamstaan sodat ons op elke moontlike plek invloed kan uitoefen om geweld teen vrouens en kinders te help beveg en om mense te mobiliseer om te bid vir die emosionele genesing van mense wat aan geweld en mishandeling onderworpe is. Bid vir veiligheid en plekke van veiligheid waar vrouens en kinders skuiling kan vind, vir beraders en beradingsfasiliteite waar mense gehelp kan word (mans ingesluit) en dat gesinne by God sal uitkom. (Sommige van die inligting oor hoe om mishandeling van en geweld teen vroue en kinders te hanteer en te verstaan, is geneem uit *Biblical Counselling Keys* van June Hunt).